higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2

(11020282)

16 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

120Q1N2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Vervoermodus wat as 'n belangrike speler in Suid-Afrika in die beweging van goedere en dienste beskou word.

A Pypleiding
B Pad
C Lug
D Spoor

1.2 ACSA staan vir ...

A Lughawemaatskappy vir Suid-Asië
B Lughawemededingers in Suid-Afrika
C Vliegtuigreisigers in Suid-Afrika
D Lughawemaatskappy van Suid-Afrika

1.3 Die doel van die Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid is om ... te bevorder.

A veilige, betroubare, effektiewe, en volledig geïntegreerde vervoerbedrywighede
B die vermindering van die aantal mense wat van openbare vervoer gebruik maak
C die gebruik van private vervoer
D die produksie van kweekhuisgasse

1.4 Verantwoordelik vir voedselproduksie:

A Mynbousektor
B Landbousektor
C Vervoersektor
D Vervaardigingsektor

1.5 Die snelvervoerstelsel wat busse gebruik om mense te vervoer is …

A Gautrain
B BRTS
C PRASA
D Transnet

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die hoofoogmerk van die Departement van Vervoer is om wetgewing in werking te stel wat deur die Parlement aanvaar is.

2.2 China is 'n voorbeeld van 'n ontwikkelde land.

2.3 Die landelike vervoerstrategie moedig niegemotoriseerde vervoer as 'n alternatiewe vervoermiddel aan om mense en goedere in arm en landelike gemeenskappe te vervoer.

2.4 Die Gauteng-snelwegverbeteringsprojek het ten doel om die knelpunte by verkeerswisselaars op te los.

2.5 Die Minister van Vervoer in Suid-Afrika is Blade Nzimande.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 ... is 'n maatstaf om te wys hoeveel van 'n artikel of diens verlang word voordat die verskaffer sal oorweeg om die prys te verander.

3.2 ... is die vermoë om iets te bekom.

3.3 Vervoerekonomie bestudeer die toewysing van hulpbronne in die ... sektor.

3.4 Die ... sektor gebruik pypleidings om gas en brandstof na vasgestelde bestemmings te vervoer.

3.5 ... bied 'n ekonomiese momentopname van 'n land, en word gebruik om die grootte van 'n ekonomie en groeikoers te skat.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Definieer die volgende terme:

4.1 Mobiliteit

4.2 Ingeslote land

4.3 Dualistiese ekonomie

4.4 Vervoer

4.5 Vervoerinfrastruktuur

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Durban – Serco, die maatskappy wat vragmotors en sleepwaens vervaardig, het sy kommer uitgespreek oor die skade wat aangerig word aan die vragmotors asook ander voertuie wat hulle herstel as gevolg van die toestand van sommige Suid-Afrikaanse paaie.

Die maatskappy het op Woensdag gesê dat alle voertuie, insluitend vragmotors en sleepwaens, skade ly weens die skokkende toestand van sommige paaie in Suid-Afrika. Serco het herstelgeriewe by sy takke in Durban, Johannesburg, Kaapstad en Gqeberha. 'Dit blyk dat die toestand van paaie in baie gebiede – veral in landelike distrikte – eerder versleg as verbeter. Herstelwerk aan slaggate en beskadigde gedeeltes van paaie word dikwels nie behoorlik gedoen nie en dus raak dit gou weer slegter,' lui die verklaring.

Charl Coetzee, die besturende direkteur van Serco, het die skade beskryf wat die maatskappy tydens herstelwerk teëkom. 'Ons sien baie skade aan suspensies, bande en vellings, en lugsakke in swaarvoertuie – waarvan 'n aansienlike hoeveelheid deur die toestand van paaie in sommige dele van die land veroorsaak word. Die ouerwordende vlote dra ook daartoe by dat meer instandhouding vereis word om die voertuig se integriteit te behou en duur onklaarraking te beperk. Vertragings met vervanging van voertuie sal egter na verwagting vanjaar en tot 2023 voortduur,' het Coetzee gesê.

Daarbenewens lei probleme met verkryging van nuwe vragmotors weens wêreldwye voorsieningskettingtekorte en vertragings by die land se hawens daartoe dat vervoermaatskappye hul voertuie langer moet gebruik. As gevolg daarvan het Serco het ’n opmerklike toename in herstelverkope ervaar. Coetzee het ’n voorbeeld van ’n gevaarlike pad genoem. Hy reis dikwels tussen Schweizer-Reneke en Wolmaransstad in die Noordwesprovinsie. ‘Dit is ongeveer ’n 60 km-rit tussen die twee dorpe. Daar is eintlik niks meer oor van die pad nie. ’n Mens sien dikwels voertuie wat onklaar raak en bestuurders wat die hele tyd heen en weer oor die pad ry om slaggate te vermy,’ het hy gesê.

Volgens Coetzee maak die swak toestand van baie paaie in die provinsies Noordwes en Limpopo dit gevaarlik vir swaarvoertuie om snags op die paaie te ry en dit lei tot vertragings in lewering. Serco het met ’n woordvoerder van ’n nasionale supermarkkettinggroep gesels wat versoek het om anoniem te bly. Hy het gesê baie paaie in Suid-Afrika, veral dié in stedelike en semi-stedelike gebiede, is in ’n swak toestand, met slaggate wat ’n ernstige risiko vir die groep se vragmotors en sleepwaens inhou. Hul voertuie ly ook skade weens bome wat oor paaie hang, veral in landelike gebiede. ‘Ons ervaar skade waar ons voertuie nie in staat is om slaggate te vermy nie, terwyl takke van bome skade aanrig aan windskerms, kajuite, ys-vrieskaste, dose, en handelsmerkgewing aan die kante van ons groot sleepwaens. Ons fokus is op die veiligheid van ons bestuurders en die huidige algemene toestand van paaie stel ons bestuurders se lewens in gevaar. In sommige gebiede in Suid-Afrika spesifiseer ons dat ons sleepwaens met dubbelbande toegerus moet word om die risiko van bande wat bars te verminder.’

Volgens Serco het die staat onlangs in ’n verslag aangedui dat hulle ’n arbeidsintensiewe padkonstruksie- en instandhoudingsprogram in werking stel met teikens vir fisieke werke, insluitend herverseëling, die herstel van teerpaaie, herstelwerk aan slaggate en instandhouding van grondpaaie. ‘Onder hierdie projekte het owerhede hul verbind tot instandhouding van ongeveer 20 000 km paaie in Suid-Afrika se sekondêre padnetwerk teen Maart volgende jaar. Dit is provinsiale paaie wat dringend opgegradeer moet word tot ’n aanvaarbare toestand,’ het die maatskappy gesê. Coetzee het gesê ’n doeltreffende padvervoernetwerk is noodsaaklik vir die vooruitgang van Suid-Afrika. ‘Die bedryf kan nie optimaal presteer as so baie paaie in ’n swak toestand is nie,’ het hy gesê.

Die Minister van Vervoer het gesê die Departement sal arbeidsintensiewe padkonstruksie- en instandhoudingsprogramme oor Suid-Afrika heen in werking stel. Hy het gesê die program gaan die presidensiële indiensnemingstimuluspakket in werking stel om die drievoudige uitdagings van werkloosheid, armoede en ongelykheid te hanteer. ‘Hierdie program behels die konstruksie en instandhouding van paaie deur gebruikmaking van baksteenplaveiwerk- en padinstandhoudingsaktiwiteite waarvoor ’n spesiale begroting vir landelike paaie toegewys is. Ons skep volhoubare werksgeleenthede wat die jeug, vroue, mense met gestremdhede en kleinsakeondernemings teiken, asook broodnodige vaardighede ontwikkel,’ het die Minister gesê.

[Vertaal uit: www.Serco.co.za]

Kopiereg voorbehou

5.1.1 Bespreek hoe die bogenoemde padtoestande die mededingingsvoordeel van ’n organisasie kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.1.2 Identifiseer die stelling uit die scenario wat die oplossing aandui waarmee die staat vorendag gekom het om die probleem op te los. (2)

5.1.3 Wie is die Minister van Vervoer in Suid-Afrika? (1)

5.1.4 Haal ’n stelling in die scenario aan wat aandui dat Suid-Afrika se ekonomie uit twee lae bestaan. (2)

5.2 Die toestand van paaie in Suid-Afrika beïnvloed die karweierbedryf. Indien die staat nie sulke kwessies oplos nie, kan dit ’n negatiewe uitwerking op die onderneming en die land se ekonomie in die geheel hê.

5.2.1 Wat beteken die term *karweier*? (2)

5.2.2 Bespreek VYF eienskappe van karweiervervoer. (5 × 2) (10)

5.2.3 Wie is aanspreeklik vir goedere wat in transito beskadig word? (2)

5.2.4 Die volgende stelling word in die scenario aangetref: ‘In sommige gebiede in Suid-Afrika spesifiseer ons dat ons sleepwaens met dubbelbande toegerus moet word om die risiko van bande wat bars te verminder.’

Hoe sal dit die winsgewendheid van die organisasie beïnvloed? (2)

5.2.5 Hoe het Gqeberha voorheen bekend gestaan, ’n naam wat steeds algemeen gebruik word? (1)

[28]

VRAAG 6

6.1 Noem DRIE voordele van ’n verbeterde vervoerstelsel. (3 × 2) (6)

6.2 Bespreek DRIE faktore wat die buigsaamheid van vervoerdiensverskaffing beïnvloed. (3 × 3) (9)

6.3 Die scenario verwys na supermarkkettinggroepe wat oor die padtoestande kla.

Noem DRIE supermarkkettinggroepe in Suid-Afrika. (3)

6.4 Noem VYF faktore wat mededinging in die vervoeromgewing beïnvloed. (5)

[23]

VRAAG 7

7.1 Die behoefte aan vervoer strek verder as ekonomiese redes.

7.1.1 Verstrek VYF nie-ekonomiese redes vir vervoer en staatsinvestering in vervoer. (5 × 2) (10)

7.1.2 Noem DRIE vervoerverwante probleme wat hul oorsprong in apartheid het. (6)

7.1.3 Noem VIER planne wat gebruik is om landelike vervoer in Suid-Afrika te hanteer. (4)

7.2 Gee VIER voorbeelde van stedelike en landelike vervoerinfrastruktuur. (4)
[24]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou